# VERSLAG: SPUTNIK-CAMFERSKLOOF DAGSTAP
# 23 NOVEMBER 2024

Hierdie verslag gaan oor die dagstap wat op die jaarprogram as die Sputnik-Apieskraal aangedui is. Hoewel daar ŉ Apieskraal-plaas anderkant die George-Oudtshoorn-pad is, is dit nie ŉ gepaste naam vir die roete nie. Dit is eerder die Sputnik-Camferskloof dagstap.

Omdat hierdie roete ŉ relatief onbekende roete is wat min gestap word, het ek en Cassie Coetzee eers die roete die Woensdag vooraf gaan verken om seker te maak ons lei nie die groep in die verderf in nie, en ook om vooraf vir die groep die regte inligting te gee sodat hulle voorbereid sou wees. Die vooraf inligting het byvoorbeeld ingesluit dat die paadjie op ŉ stadium op die berg wegraak en dat ŉ mens jou eie pad moet soek deur die fynbos, dat daar steil op- en afdraandes is waar ŉ mens versigtig moet wees vir gly, en dat handskoene en ŉ goeie stapstok hier en daar baie sou help by die moeilike plekke.

Dit is altyd lekker om te hoor ons lede nooi van hulle vriende saam op ons staptoere, en ŉ mens raak opgewonde oor mense se entoesiasme, positiwiteit en deursettingsvermoë wat hulle deur niks laat onderkry nie. So het die groep van 14 mense vanaf Oudtshoorn, George, Prins Albert en so ver as Stilbaai die oggend 08:00 by Sputnik in die Outeniquapas bymekaargekom om hierdie kort (6 km) maar ietwat uitdagende dagstap aan te pak.




Die eerste sowat 1.5 km loop reguit op ŉ rif teen die berg op, en die taamlike steil paadjie toets nogal die bene – dit is nie jou normale opdraande nie. ŉ Mens begin by 800 m bo seevlak, en die hoogste punt op die roete is sowat 1160 m bo seevlak, met ander woorde ŉ vertikale styging van sowat 360 m bo seevlak. Ons het dit maar stadig gevat en baie gerus. Met die opgaan het ons gewonder oor die mis wat bo-op die berg lê, maar algaande het die mis ietwat gelig, en bo-op die berg het die mis wat deur die klowe trek ŉ besondere atmosfeer met interessante tonele geskep.

Bo van die berg af het ŉ mens ŉ pragtige uitsig oor die Outeniquaberge, die Outeniqua- en Montagu-passe en die Waboomskraal-vallei in die suide en die Herold-omgewing en die Swartberge en Magaliesberge in die verte in die noorde.



*Mooi uitsigte van bo af in al die windrigtings*

Bo-op die berg loop die paadjie stelselmatig dood en moes ons ons eie pad tussen die rotsformasies op die skurwe kruin van die berg vind. My en Cassie se verkenning vroeër die week het gehelp dat ons nie verdwaal nie. Ná sowat ŉ kilometer op die berg het ons ŉ gedeelte bereik waar ons in ŉ taamlike steil, glibberige klofie afgegaan het en waar ons stapstokke en handskoene (om aan die gras vas te hou) handig te pas gekom het.



*Bo-op die berg soek jy jou eie pad deur die fynbos voordat jy by ŉ steil klofie afgaan.*

So tussen die sweet en skurfte van die berg kon ŉ mens ook nie anders as om die pragtige blommetjies van verskillende kleure orals op te merk nie. As ŉ mens hulle van naderby beskou en sien hoe volmaak en pragtig hulle gevorm is, kan jy nie anders as om aan Psalm 19:2 te dink nie: *"Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend."*



*Af met 'n steil klofie en verder tot by die Camferskloof-paadjie*

Af met die glibberige klofie, het ons verder onderlangs aan die noordekant om die laaste groot kop beweeg tot by die nek waar die paadjie afgaan en aan die suidekant van die berg met die hange langs terug na Sputnik toe lei. In hierdie gedeelte was die fynbos ietwat ongemaklik en het die stap 'n bietjie bosmoer vereis.



*Onderkant die klofie deur die fynbos tot by die Camferskloof-paadjie*

Die eerste gedeelte van die laaste sowat 3 km van die paadjie loop langs die suidelike hange van die berg deur fynbos en dennebome, waarna die laaste gedeelte oor die laaste paar heuwels en klofies tot by Sputnik loop.



*Met die noordelike hange en heuwels langs tot by Sputnik.*

Die stap het ongeveer 5 ure geduur, en ons was ongeveer 13:00 terug by Sputnik, waar ons mekaar moeg maar ongeskonde en tevrede gegroet het, tot 'n volgende keer, iewers elders op 'n mooi plek...

**Danie Steyl**
**(Organiseerder)**